

# FUNDAMENTELE CHRISTELIKE LERINGE

## No.1: Jou Messias

## (Inleiding)

**Is U Messias van Joodse Herkoms of van Westerse Nasies?**

**ONS LIG IN – U KIES**

**PROFESSOR WA LIEBENBERG**

# Is U Messias van Joodse Herkoms of van Westerse Nasies?

Deur

Professor WA Liebenberg

Vertaling en Proeflees deur: André le Roux

Alle regte voorbehou.

Geen gedeelte van die boek mag gereproduseer word op enige manier, meganies of elektronies, insluitende laserskyf-of bandopnames en fotokopiëring, sonder die skriftelike toestemming van die skrywer nie.

Versprei deur:
Hebraic Roots Teaching Institute
Krugersdorp – South Africa
Email: products@hrti.co.za
Mobile: +27 (0)83 273 1144

Facebook Bladsy: "Hebraic Roots Teaching Institute"
Webwerf: http://www.hrti.co.za

# Voorwoord

YHWH "God" het ons geroep om twee dinge te doen. Eerstens, om nie op te hou met studie en om te soek na die korrekte interpretasie van enige gegewe bybel gedeelte nie. Tweedens, om te leer om met geduld en liefde met ander te deel wie nie dalk dieselfde begrip van ‘n gegewe teks met ons deel nie.

Dwarsdeur die HRTI se studies gebruik ons ‘n effense verskillende tipe woordeskat as wat sommige dalk gewoond aan mag wees. Ons verkies die gebruik, wat baie na sal verwys as 'n Messiaanse woordeskat. Die redes hiervoor is: Eerstens, die gebruik van Hebreeuse-klinkende woorde is nog 'n manier om jou te help assosieer met die Hebreeuse wortels van jou geloof. Tweedens, hierdie woorde is nie bloot 'n uiterlike vertoon vir ons nie, maar 'n werklike uitdrukking van wie ons as Messiaanse Jode en nie-Jode is en wat ons erfenis saam met Israel daad werklik "aangryp."

In plaas daarvan om te sê: "Jesus," noem ons, ons Verlosser "Y'shua," tipies die manier waarop sy ouers Hom sou aangespreek het in hul eie Hebreeuse taal. Daarbenewens, eerder as om te verwys na Y'shua as "Christus", gebruik ons die woord "Messias", wat is 'n Anglikaanse weergawe van die Hebreeuse woord, Moshiach.

"Yahovah" is die naam van God in Hebreeus, waar dit as vier konsonante (YHWH of YHVH, waar die W en V afgelei is van dieselfde Hebreeuse letter 'Vaw') in Hebreeus voorkom. Hierdie vier konsonante word die Tetragrammaton (Grieks vir "['n woord] met vier letters) genoem. Die Jode het opgehou om die naam te gebruik in die Grieks-Romeinse tydperk, en was vervang met die naamwoord Elohim, vir "God," om die universele soewereiniteit van Israel se God te demonstreer oor al die ander gode, op dieselfde tyd, is steeds die goddelike naam beskou as te heilig om na uiterlik te gebruik, en is vervang in gesproke taal deur die woord Adonai ("My Here").

Vanaf ongeveer die 6de tot die 10de eeu het die Masorete, Joodse geleerdes wat die eerste vokale ingevoeg het in die teks van die Hebreeuse Bybel, die vokale van die Hebreeuse woorde Adonai en Elohim ingevoeg in YHWH en en so die gebruik van die kunsmatige naam, Jehova onstaan. Christen-geleerdes en vertalers na die Renaissance en Hervorming tydperke, het die heilige naam YHWH met God en Here (in hoofletters in die Bybel) vervang, wat 'n strategiese skuif was van Satan om die gebruik van die oorspronklike Naam te stop. Die Heilige Naam kom 6,828 keer voor in die Hebreeuse teks, wat bewys dat YHWH wil hê ons moet Sy Naam onthou en gebruik.

In die 19de en 20ste eeu, het Bybelse geleerdes weer begin om die vorm YaHWeH te gebruik; en vandag is dit ‘n konvensionele gebruik in Bybelse kundigheid, maar van die Hebreeuse geleerdes stel voor dat YHWH uitgespreek moet word as Yah-oo-Vah (Y'shua is afgelei van Yah-Shuvah wat beteken dat YAH red. Yah is ‘n afkorting van God se naam, YHWH, soos gesien in Psalm 68:4. Die Naam word ook gevind in die woord hallelu-YaH, wat "loof die Here" beteken).

# Wat is hierdie storie, dat "Jesus" ‘n Jood was!

## Introduction

So verbasend soos dit mag lyk, is baie Christene nie bewus daarvan dat Y’shua ‘n Jood is nie. Feit is, wanneer baie hoor dat Hy is, word hulle kwaad en self woedend. Dit gebeur baie dikwels.

> *"Hoe kan jy sê dat Jesus ‘n Jood was? Almal weet to hy was ontvang van die Heilige Gees en daarom God en nie Jood nie. Dit was maar net toevallig dat hy tussen die Jode geleef het."*

Baie Christene bulder uit :

> **"***Wat is al hierdie stories oor Jesus wat 'n Jood was? Hy was nie 'n Jood nie, hy was die eerste Christen en die stigter van die Christelike Kerk.***"**

Dit is uiters jammer dat hierdie tipe van denke algemeen is in Christelike kringe vandag. Eintlik is dit 'n uitdrukking van 'n subtiele, dikwels onderbewustelike, houding aan die kant van baie Christene wat baie ernstig en uiters gevaarlik is. Ons kan selfs so ver gaan as om dit te definieer as "onheilig". Dit is 'n onheilige, diepgewortelde anti-Semitisme[1] wat tot uiting kom in 'n onwilligheid om Y'shua te aanvaar as 'n Jood.

Die verdraaide logika is: "*Hoe kan iemand so dierbaar en kosbaar vir my, iemand waarvoor ek so lief is en aan wie ek my lewe oorgegee het, 'n Jood wees?*"

Dit word geglo dat hierdie soort van denke van die oortuiging van baie Christene van vandag spreek. Dit is gewoonlik diep begrawe (of onderdruk) in die onderbewussyn en manifesteer slegs openlik wanneer 'n mens se geestelike wag af is. Dit is die resultaat van die geestelike boot van die Woord van YHWH wat los geskeur word van die kaai van die historiese fondamente van Bybelse geloof wat stewig vasgemeer in die fondamente van die historiese Judaïsme was. As gevolg hiervan, het die geestelike skip vir eeue rondgedobber in 'n see van heidense teologie wat gelei het tot die nie-Joodse oftewel verheidening van die Kerk.

---

[1] Antisemitisme (ook gespel anti-Semitisme of anti-semitisme) is verdenking van, haat teenoor, of diskriminasie teen Jode om rede hul Joodse herkoms. Sosiale wetenskaplikes beskou dit as 'n vorm van rassisme - http://en.wikipedia.org/wiki/Antisemitism

Die Kerk het vergeet dat hulle die Wilde Olyftakke is wat ingeënt in die natuurlike Olyf Boom moet word. Hulle het heeltemal vergeet van waar die die tak die voedsame sap ontvang.

Reis saam met my as ons die Skrif bestudeer wat ons deeglik sal oortuig dat ons Messias Y'shua inderdaad 'n Jood was...

**Wat die Kerk Vergeet Het**

Die kerk het vergeet dat hulle nie heidense voorvaders het nie - maar dat hul voorvaders Abraham, Isak, Jakob, Sara, Rebekka, en Ragel was en ook dat hulle deur die see gegaan het met Moshe[2]. Hulle het hul verwantskap aan Joodse dinge, en as jy wil, 'n Joodse Y'shua verloor.

Die kerk het in gebreke gebly om te erken dat vir die laaste 2000 jaar, die beweging wat Y'shua geboorte gegee het, 'n Joodse een was, heeltemal binne die historiese Judaïsme van sy dag. Trouens, Hy het gekom om die ware Rabbi van Judaïsme te wees en nie om 'n nuwe godsdiens genaamd "Christenskap" met al sy heidense tradisies en valse teologie te begin nie.

Kom ons ontleed die logika van die argument dat Y'shua nie 'n Jood was nie. Die feit dat menigte Christene glo dat Y'shua nie 'n Jood was nie is verstommend. Selfs die *skeptici* en die *agnostici* het deur die eeue nooit gevorder met hierdie argument nie ...

**Y’shua’s se Voorgeslagte was Joods**

Sy afkoms word teruggevoer na Dawid, en die aartsvaders in 'n tipiese Joodse wyse in die Evangelies van Mattheus en Lukas. Die engel Gabriël het aan aan Miriam[3] aangekondig dat die kind, Y'shua, verwek sal word deur die Heilige Gees binne-in haar skoot en "die troon van sy vader Dawid" gegee sal word:

> *"Hy sal groot wees en die Seun van die Allerhoogste genoem word; en die YHWH[4] God* ***sal aan Hom die troon van sy vader Dawid gee:"*** [5]

[2] Hebreeus vir Moses
[3] Hebreeus vir Maria
[4] Die naam van God wat bykans 7000 keer in die Bybel gebruik word. Dit word aanvaar deur vooraanstaande geleerdes dat dit as YaHuWaH uitgespreek word.
[5] Lukas 1:32

Dawid was 'n Jood uit die stam van Juda, en as Dawid Y'shua se vader is soos die Skrif sê, dan was Y'shua ook uit die stam van Juda.

> *"Kyk, daar kom dae, spreek YHWH, dat Ek **vir Dawid 'n regverdige Spruit sal verwek**, en as Koning sal Hy regeer en verstandig handel en reg en geregtigheid doen in die land."* [6]

> *"Maar daar sal 'n takkie uitspruit **uit die stomp van Isai**, **en 'n Loot uit sy wortels sal vrugte dra;**"*[7]

## Y'shua se Family was Joods

Sy aardse vader se naam (Josef) was die tweede mees algemeenste Joodse naam van die tydperk, wat slegs deur die naam Simon oortref was.

Sy ma se naam (Maria) was die mees algemene Joodse vroulike naam van die tydperk.

Y'shua self het 'n algemene Joodse naam. Ons leer uit inskripsies gedateer uit die eerste eeu dat die naam Y'shua die derde mees algemene man se naam was, saam met die name Juda en Sagaria. Vier van die agt en twintig Joodse Hoë Priesters in Y'shua se tyd was genoem Yeshua soos sommige dit skryf.

Y'shua het Joodse familie: Elisheva[8], Sagaría die priester, en hul seun Jochanan[9] die Doper - asook sy eie broers: Jakov[10], Joses, Simon en Judas, en sy susters (wat naamlose is).[11]

## Y'shua was Besny Volgens die Torah

Y'shua was besny op die agtste dag, streng volgens Judaïsme se Torah:

> "*En toe **agt dae vervul was, dat hulle die Kindjie sou besny**, het hulle Hom Y'shua genoem, die naam wat deur die engel gegee is voor sy ontvangenis in die moederskoot."* [12]

---

[6] Jeremia 23:5
[7] Jesaja 11:1
[8] Hebreeus vir Elisabet
[9] Hebreeus vir Johannes
[10] Hebreeus vir Jakobus
[11] Mattheus 13:55-56; Markus 6:3
[12] Lukas 2:21

**Miriam se Torah Offer by die Tempel na die Geboorte van Y'shua**

Miraim het streng volgens die Torah gewag vir haar reinigings tydperk van veertig dae ná die geboorte van Y'shua voordat sy 'n sondoffer vir haar reiniging kon gaan offer en om Y'shua los te koop by die tempel:

> *"**2**Spreek met die kinders van Israel en sê: As 'n vrou swanger word en 'n seun baar, **sal sy sewe dae lank onrein wees**; soos in die dae van die onreinheid as sy onwel is, sal sy onrein wees. **3 En op die agtste dag moet hy aan die vlees van sy voorhuid besny word**. **4 Dan moet sy drie en dertig dae in die reinigingsbloed bly**. Aan niks wat heilig is, moet sy raak nie en in die heiligdom mag sy nie kom nie totdat die dae van haar reiniging verby is. **5** Maar as sy 'n dogter baar, sal sy twee weke onrein wees soos by haar maandelikse onreinheid. Dan moet sy ses en sestig dae in die reinigingsbloed bly.*
> *
> ***6 En as die dae van haar reiniging in die geval van 'n seun** of 'n dogter verby is, moet sy 'n jaaroud lam as brandoffer en 'n jong duif of **tortelduif** as sondoffer bring **na die ingang van die tent van samekoms**, na die priester toe;*
>
> ***7** dié moet dit offer voor die aangesig van YHWH en vir haar versoening doen; **dan sal sy rein wees van haar bloedvloeiing**. **Dit is die wet van haar wat baar, in die geval van 'n seun** of 'n dogter.*
>
> ***8** Maar as sy 'n lam nie kan bekostig nie, **moet sy twee torteldiuwe** of **twee jong duiwe** neem, een as brandoffer en een as sondoffer; en die priester moet vir haar versoening doen; dan sal sy rein wees."*[13]

> *"**22** En nadat **die dae van haar reiniging volgens die wet van Moses vervul was**, het hulle Hom na Jerusalem gebring om Hom aan YHWH voor te stel, **23 soos geskrywe is in die wet van YHWH**: Elke manlike kind wat die moederskoot open, sal heilig vir YHWH genoem word; **24 en om die offer te gee volgens wat gesê is in die wet van YHWH: 'n paar torteldiuwe of twee jong duiwe**."*[14]

Soos vroër gesê, omdat Y'shua se ouers nie uit die stam van Levi[15] was nie, moes Y'shua na die tempel gebring word om verlos te word volgens die Torah. Hierdie seremonie is bekend as *pidyon ha-ben*, of *Verlossing van die Eersgeborene.*

---

[13] Levitikus 12:2-8
[14] Lukas 2:22
[15] Numeri 3:14, 16, 18

> "**15** *Alles wat die moederskoot open—alle vlees wat hulle vir YHWH aanbring, mense en diere—moet joue wees;* ***maar die eersgeborenes van mense moet jy sekerlik loskoop****; ook moet jy die eersgeborenes van onrein diere loskoop*. **16** *En wat die loskoping daarvan aangaan: vanaf 'n maand oud moet jy loskoop, volgens jou skatting, vir 'n geldsom van vyf sikkels volgens die sikkel van die heiligdom; dit is twintig gera*."[16]

Van hierdie gedeeltes kan ons duidelik sien dat Y'shua se ouers streng gevolg het wat die Christene noem "Joodse dinge" nie, maar wat in werklikheid YHWH se Torah instruksies is.

**Volgens Torah Gebruik het Y'shua die Jaarlikse Feeste Sedert sy Kinderjare Bygewoon,**

Y'shua se ouers het elke jaar na Jerusalem gegaan om die fees van die Pasga te onderhou:

> "*En sy ouers was gewoond om* ***elke jaar*** *met die paasfees na Jerusalem te gaan*."[17]

**Y'shua was 'n Rabbi**

Y'shua self was 'n Jood, 'n Rabbi, en het die titel verdien:

> *"En toe Y'shua Hom omdraai en hulle sien volg, sê Hy vir hulle: Wat soek julle? En hulle antwoord Hom:* ***Rabbi****—dit wil sê, as dit vertaal word, Meester—waar is U tuis?"*[18]

> *"Natánael antwoord en sê vir Hom:* ***Rabbi****, U is die Seun van God, U is die Koning van Israel!"*[19]

> *"Hy het in die nag na Y'shua gekom en vir Hom gesê:* ***Rabbi****, ons weet dat U 'n leraar is wat van God gekom het, want niemand kan hierdie tekens doen wat U doen as God nie met hom is nie."*[20]

---

[16] Numeri 18:15-16
[17] Lukas 2:41
[18] Johannes 1:38
[19] Johannes 1:49
[20] Johannes 3:2

> *"En toe hulle Hom oorkant die see gevind het, sê hulle vir Hom: **Rabbi**, wanneer het U hier gekom?"*[21]

'n Rabbi is 'n onderwyser van die Torah[22]. Hierdie titel is afgelei van die Hebreeuse woord רַבִּי Rabbi, wat beteken "My Meester", wat die manier is waarop 'n student 'n meester van die Torah aanspreek. Die woord "meester" (רב rav) beteken letterlik "groot een".

## Hoe het 'n Persoon 'n Rabbi in Bybelse Tye Geword?

Seuns het die Torah bestudeer en dit gememoriseer totdat hulle twaalf jaar oud was. Op die ouderdom van twaalf, sou hulle dan óf aangaan om die res van die TaNaCh[23] te studeer of hulle sou 'n ambag leer. Diegene wat hul studies voortgesit in Torah het dit gedoen met die intensie om 'n Rabbi te word.

Ons word ‘n kort toneel in die Nuwe Verbond getoon, waar Y'shua op die ouderdom van twaalf voor die onderwysers van die Torah in die tempel gekom het en hulle verstom het met Sy kennis. Wat ons nie vertel is nie, is dat die onderwysers onmiddellik Joseph sou aangemoedig het dat Y'shua sy studies moes voort sit. Rabbi gekies dissipels op grond van hul vermoëns in die Skrif: die meer vermoend die student was, hoe meer waarskynlik sou hy gekies word deur 'n Rabbi.

Op die ouderdom van sestien het diegene wat die res van die Ou Verbond gememoriseer het dan 'n Rabbi genader van wie hulle 'n dissipel van wou word en hom dan gevra of hy hulle sou oorweeg. Rabbi’s het net die **beste van die bestes** oorweeg omdat hul volgelinge 'n weerspieëling van hulself was. Om aanvaar te word deur 'n Rabbi was, natuurlik, 'n groot eer vir 'n dissipel. Geen wonder dat die vissers opgespring het toe Y'shua vir hulle gesê het: "Volg My!"[24]

Wanneer die jong dissipel aanvaar is deur die Rabbi, neem hy dan die **Rabbi se juk** op homself. 'n Rabbi se juk was eintlik sy leerstellings. Wanneer ons dink aan 'n juk, dink ons aan die lastige stuk hout wat oor die nek van 'n span osse lê. Terwyl die oorsprong van die term daar gevind kan word, in godsdienstige terme was dit die **Rabbi se vertolking van die Bybel;** en hul dissipels het dan daardie interpretasie aangeneem. Dit is wat dit beteken wanneer die Bybel sê "*Moenie in dieselfde juk trek saam met*

---

[21] Johannes 6:25
[22] Wet, of liewer YHWH se instruksies soos vervat is die eerste vyf boeke van die Bybel
[23] Hebreeuse Bybel aan Christene bekend as die Ou Testament
[24] Mattheus 4:19

*ongelowiges nie*." Ons kan redeneer deur die toepassing dat ons nie met iemand moet trou wat 'n ander interpretasie van die geloof het nie.

Vir die volgende tien jaar of so (ouderdom 26-30), sou die dissipel die Rabbi volg en alles moontlik van hom leer. Hy sou dan aanbeweeg en self 'n Rabbi word op die geskatte ouderdom van dertig. Volgens die Skrif kon ‘n persoon sleg op die ouderdom van dertig ‘n koning word (Saul en Dawid[25]), en dit het gegeld vir Rabbi’s ook.

Y'shua het Sy bediening begin het op die ouderdom van dertig. In plaas daarvan dat Hy die beste van die beste kies as Sy dissipels, het hy diegene wat die samelewing verag: ‘n visserman, 'n tollenaar en 'n dweper geroep om Hom te volg . Deur dit te doen, het Hy die mense om Hom gewys dat Sy vertolking van die Bybel, die Torah en die res van die Ou Verbond, een was wat gebaseer is op nederigheid en dat alle mense dit kon bestudeer en verstaan.

Y'shua was nie 'n skrynwerker nie - slegs die seun van een. Sy Rabbi status is stewig gevestig in Johannes 8:4, toe selfs die Fariseërs verwys het na hom as "Meester " - 'n naam wat hulle Hom nie sou gegee het tensy Hy een was nie.

Y'shua het baie terme gebruik wat verband hou met 'n Rabbi se posisie. Hy het aan sy dissipels gesê "*neem my juk op julle*", wat beteken "*volg My manier van interpretasie van die Torah.*"

Hy was gevra om die Skrif in die sinagoge te lees - nie iets wat aan enige iemand anders as 'n rabbi aangebied was nie[26]. Hy was in die perfekte posisie as 'n Rabbi om die die vergrype wat in die Joodse geloof van daardie tyd opgeneem was, te kon weerlê. Hy kon noem die Fariseërs 'n addergeslag noem, want Hy het die gesag gehad as 'n geestelike leier om dit te kon doen.

**Y’shua was ‘n Jood en het Hebreeus Gepraat**

Die nuwe verbond is vandag bekend as 'n Griekse Boek, maar baie daarvan was oorspronklik in Hebreeus geskryf deur die Joodse dissipels van Y'shua. Volgens die Boek van Handelinge, het Y'shua self Hebreeus gepraat. In Handelinge 26, beskryf Sha'ul[27] 'n visie wat hy gehad het op die pad na Damaskus

---

[25] 1 Samuel 9:2 (Saul); 2 Samuel 5:4 (Dawid)
[26] Lukas 4:16-17
[27] Paulus

*"En toe ons almal op die grond val, hoor ek 'n stem met my spreek en* ***in die Hebreeuse taal*** *sê: Saul, Saul, waarom vervolg jy My? Dit is hard vir jou om teen die prikkels te skop."*[28]

Die feit dat die boek van Handelinge sê dat Y'shua met Saul in Hebreeus gepraat het, getuig van die belangrikheid van Hebreeus as die taal van openbaring vir die Nuwe Verbond Gelowiges. Saul self het vir die Jode in Hebreeus gepreek soos geskryf in Handelinge 21:

*"En toe hy dit toegelaat het, gaan Paulus op die trappe staan en wink met die hand vir die volk. En nadat daar 'n groot stilte gekom het, het* ***hy hulle in die Hebreeuse taal toegespreek*** *en gesê:"*[29]

Nuwe Verbond geleerdes het lank reeds geweet dat die Grieks van die Nuwe Verbond 'n sterk Hebreeuse karakter het. Die meeste grammatikas van Nuwe Verbond Grieks bevat 'n hele kategorie bekend as Hebraisms wat Joodse denk patrone baie letterlik vertaal in Grieks. Vyf boeke van die Nuwe Verbond, in besonder, bevat 'n groot aantal Hebraisms; wat min twyfel laat bestaan dat hulle óf in Hebreeus geskryf of vertaal was uit Hebreeuse bronne. Hierdie vyf Boeke is: Matteus, Markus, Lukas, Handelinge en Openbaring. Die Hebraisms in hierdie boeke bewys dat Y'shua en sy oorspronklike dissipels gepreek het in Hebreeus, en selfs meer belangrik, dat hul woorde aangeteken is in Hebreeus.

**Y'shua het Wel-bekende Rabbynse Metodes van Onderrig Gebruik**

Y'shua se rabbynse metodes van onderrig (en miskien die belangrikste) was grootliks gebasseer op die Skrif en mondelinge tradisies van sy tyd in sy leer. Dit word dikwels oor die hoof gesien dat baie van wat Y'shua gesê het, nie nuut of oorspronklik was nie, maar gebaseer was op wat die Rabbi's sê en gesê het. Die basis vir baie van Sy onderrig is geneem uit die TaNaCh (Ou Verbond).

Y'shua is voortdurend terug te verwys na die Torah en die Joodse tradisies van die Rabbi's wat Hom voorafgegaan het of wat van sy generasie was. Tensy hierdie feit duidelik verstaan word, sal 'n mens baie verwar word wanneer gepoog word om die pragtige woorde van ons Messias te verstaan.

Dit is vir ons baie moeilik, byna 2000 jaar verwyderd van die tyd van Y'shua, om onsself terug te projekteer oor die eeue van tyd na 'n kultuur en taal so totaal vreemd aan die Westerse denke van vandag. En tog, dit is presies wat

[28] Handelinge 26:14
[29] Handelinge 21:40

ons moet doen, voordat ons selfs kan begin om daardie pragtige en opwindende woorde van Y'shua te verstaan!

En weereens, die eerste ding wat 'n mens moet besef, is dat Y'shua 'n Jood was. Hierdie feit moet duidelik wees, maar dit is egter verbasend hoe baie Christene geskok om te verneem dat Y'shua 'n Jood was, en nie net 'n gewone Jood nie. Hy was 'n Rabbi, 'n onderwyser, een wat geleerd was in die Skrif en die godsdienstige literatuur van sy dag, wat ‘n aansienlike prestasie was.

## Y'shua het die Shabbat[30] Dienste in die Sinagoges van die Jode Bygewoon

Y'shua het ook 'n gehoorsame Jood wat die Torah geëer het. Dit was Sy gebruik, Sy gewoonte, om die sinagoge dienste op die Sabbat by te woon - Saterdag oggend:

> *"Toe kom Hy in Násaret waar Hy opgevoed was; en* ***soos Hy gewoond was, gaan Hy op die sabbatdag in die sinagoge*** *en staan op om te lees."*[31]

Volgens die Evangeliesis Hy op ten minste een geleentheid geroep om in die openbaar van die Skrif te lees in die sinagoge; iets wat nooit van ‘n nie-Jood gevra sou word om te doen nie:

> *"16 Toe kom Hy in Násaret waar Hy opgevoed was; en soos Hy gewoond was, gaan Hy op die sabbatdag in die sinagoge en* ***staan op om te lees****.* ***17*** *En die* ***boek van die profeet Jesaja is aan Hom oorhandig****; en toe Hy die boek oopmaak, kry Hy die plek waar geskrywe is:* ***18*** *Die Gees van YHWH is op My, omdat Hy My gesalf het om die evangelie aan die armes te bring. Hy het My gestuur om die wat verbryseld van hart is, te genees;* ***19*** *om aan gevangenes vrylating te verkondig en aan blindes herstel van gesig; om die wat gebroke is, in vryheid weg te stuur; om die aangename jaar van YHWH aan te kondig.* ***20*** *En nadat Hy die boek toegemaak en aan die dienaar teruggegee het, gaan Hy sit,* ***en die oë van almal in die sinagoge was op Hom gevestig."***[32]

---

[30] Hebreeus vir Sabbat
[31] Lukas 4:16
[32] Lukas 4:16 20

**Soos alle Wetsonderhoudende Jode, het Y'shua die Tzitzityot en Tefillin Gedra**

Soos alle wetsonderhoudende Jode van die eerste eeu, het Y'shua tzitziyot ("tossels" of "klossies"), gedra op die vier hoeke van Sy kleed soos beveel in Numeri 15:37-41 en Deuteronomium 22:12 om herinner te word aan die gebooie, die instruksies van YHWH in die Torah:

> *"37 En YHWH het met Moses gespreek en gesê:* ***38*** *Spreek met die kinders van Israel en sê aan hulle,* ***hulle moet vir hulle klossies maak aan die hoeke van hul klere, in hulle geslagte,*** *en aan die hoekklossies 'n draad van pers stof vasbind.* ***39*** *En* ***dit sal julle as klossies dien: as julle dit sien****, moet julle* ***aan al die gebooie van YHWH dink, dat julle dit doen*** *en nie jul hart en jul oë navolg waar julle agter aan hoereer nie,* ***40*** *sodat julle aan al my gebooie mag dink en dit doen, en aan julle God heilig mag wees.* ***41*** *Ek is YHWH julle God wat julle uit Egipteland uitgelei het om vir julle 'n God te wees. Ek is YHWH julle God."*

> *"****12 Klossies moet jy vir jou maak aan die vier hoeke van jou kleed*** *waar jy jou mee toemaak."*



Ons sien dit dramaties geïllustreer in die storie van die vrou wat twaalf jaar lank aan bloedvloeiing gely het. Sy is genees toe sy agter Y'shua kom en raak die "*klossies op Sy kleed*":

> *het van agter af gekom en* ***die soom van sy kleed aangeraak,*** *en haar bloedvloeiing het onmiddellik opgehou.*[33]

Verwysings na die tossels aan die kleed wat Y'shua gedra het kan ook gevind word in Matt 14:36:

[33] Lukas 8:44

*"en hulle het Hom gesmeek dat hulle net maar* ***die soom*** (klossies) ***van sy kleed mag*** *aanraak; en almal wat dit aangeraak het, het gesond geword."*

Dit is baie waarskynlik dat Y'shua ook tefillin ("phylacteries") gedra het - die twee swart leer boksies wat elk vier klein perkamente met inskrywings bevat van verskillende gedeeltes van die Skrif (Eksodus 13:1-10 asook 13:11-16; Deutonomium 6:4-9 asook 11:13-21). Die tefillin was vasgebind met leer stroke - een op die voorkop en een gewoonlik op die linker arm.

Volgens Joodse bronne, is dit nie seker of die tefillin die hele dag of net in tye van gebed gedra was nie. Dit blyk dat die meer wetsonderhoudende Jode in Y'shua se tyd, dit die hele dag gedra het. Werklike tefillin wat dateer uit die eerste eeu is gevind in die Qumran grotte langs die oewer van die Dooie See. Hierdie antieke phylacteries is byna identies aan dié wat gedra word deur die Jode vandag.

Hoe kan ons seker wees dat Y'shua tefillin gedra het? Veral omrede die dra van tefillin nie spesifiek beveel word in die Bybel nie, maar dit verteenwoordig 'n rabbynse interpretasie van die Skrif.

Die antwoord word gevind in Mattheus 23:5: "*En hulle doen al hul werke om deur die mense gesien te word, en hulle maak hul gedenkseëls (tefillin) breed en die some (tzitiyot) van hul klere groot*."

Y'shua kritiseer hier sommige van die Fariseërs vir hulle godsdienstige skynheiligheid, deur hulle tefillin te verbreed en hul tzitziyot te verleng, demonstreer hulle hoe "geestelik" hulle was. Hy het nie die dra van tefillin en tzitziyot gekritiseer nie!

Y'shua self het tzitziyot gedra soos ons reeds bewys het!

Let verder op dat in die begin van die volgende gedeelte in Mattheus 23, sê Y'shua aan sy volgelinge: "*Alles wat hulle dan vir julle mag sê om te onderhou, onderhou en doen dit; maar volgens hulle werke moet julle nie doen nie, want hulle praat en doen nie."*[34]

Y'shua veroordeel nie die gewoonte van die dra van phylacteries nie. Verder, as Y'shua nie phylacteries en klossies gedra het nie, sou die Fariseërs Hom sekerlik daaroor gekritiseer het.

[34] Mattheus 23:3

Ons kan net aflei dat in sy manier van aantrek, Y'shua net soos die ander wetsonderhoudende Jode van Sy dag was.

**Y'shua en die Samaritaanse Vrou**

Diegene buite die hoofstroom van die Judaïsme (sowel as nie-Jode) het ook van sy Joodsheid getuig. Byvoorbeeld, toe Y'shua die Samaritaanse vrou by die put ontmoet het en haar gevra het vir water om te drink, het sy Hom gevra, "*Hoe is dit dat U wat 'n Jood is, van my vra om te drink terwyl ek 'n Samaritaanse vrou is?"* [35]

**Y'shua en Pontius Pilatus**

Tydens Y'shua se ondervraging deur Pilatus - die Romeinse goewerneur van Judea (AD 26-36) – het Pilatus ontplof in frustrasie, "*Is ek 'n Jood?*" en verklaar dan: "U volk en die owerpriesters het U aan my oorgelewer**.**"[36]

**Die Jode was Uitverkies deur YHWH**

"*Julle aanbid wat julle nie weet nie; ons aanbid wat ons weet, want die saligheid is uit die Jode*."[37] Y'shua het dit gesê aan die Samaritaanse vrou by die put wat beweer sy aanbid dieselfde Elohim. Jy sien, dit is nie waarop 'n mens aanspraak maak nie. Dit is die waarheid wat saak maak.

Vir duisende jare was die Israeliete die Hebreeuse leringe geleer en was veronderstel om die voorloper en die stigting van die komende "beweging" van YHWH te wees. Y'shua was die verskyning van hierdie beloofde oorvloedige lewe - die gemanifesteerde en beloofde essensie van Judaïsme.

Hy het duidelik gesê dat redding **aan die Jode behoort**, wie veronderstel was om die Verlosser te herken en die evangelie aan die wêreld te bring. "... *en in jou (Abraham and afstammelinge) sal al die geslagte van die aarde geseën word.*"[38]

Hoekom was hulle gekies? Want hulle was die kinders van Abraham en hulle het die "oorsprong" vir die korrekte grondslag en leerstellings van die Evangelie:

---

[35] Johannes 4.9
[36] Johannes 18:35
[37] Johannes 4:22
[38] Geneses 12:3

*"Wat is dan die voordeel van die Jood? Of wat is die nut van die besnydenis? Groot, in alle opsigte: ten eerste tog seker dat aan hulle die woorde van God toevertrou is."* [39]

Helaas, die Jode het misluk om Y'shua en die nuwe beweging van YHWH wat besig was om die wêreld te verower, te ontvang. In plaas daarvan het die heidene Hom met blydskap ontvang en die Christelike geloof aangeneem. Maar hulle was heidene wat nie die begrip van die Godsprake van YHWH gehad het nie, die Hebreeuse fondament van Abraham se tyd tot Y'shua, wat 2000 jaar geneem het om te vestig. Hulle het begin om 'n evangelie te versprei wat volgens hul eie kulture en heidense interpretasies was. Dit is nou 2000 jaar later, en dit nou tyd vir die toet van die nie-Joodse Christene waar hulle sal moet erken en te identifiseer met hul versaakte Bybelse Hebreeuse wortels waarop Messias Y'shua gegrond is.

## Sha'ul die Jood was deur Y'shua Geroep om Voort te Gaan met Y'shua se Joodse Herkoms

Paulus het dikwels Joodse sinagoge dienste bygewoon waar hy met die Joodse mense aanbid het. Baie sinagoges het hom selfs toegelaat om vir 'n rukkie te preek as gevolg van sy Joodsheid.

In teenstelling met die algemene beskuldigings teen Sha'ul, het hy nie Judaïsme, Joodse mense, of Joodse aanbidding gediskrediteer nie. Hy het ontsag vir die Joodse Torah (soos in boekie No 6 van hierdie reeks gesien kan word) gehad en het 'n Jood gebly. Hy het gereeld besoek gebring aan die sinagoge op sy reise. 'n Paar voorbeelde van hierdie is die volgende: in Salamis, Hand 13: 5; in Antiochíë, Hand 13:14; in Ikónium, Hand 14:01; in Thessaloníka, Hand 17:01; in Berea, Hand 17:10; in Athene, Hand 17:17; in Korinthe is, Hand 18:04; en in Efese, Hand 18:19.

Die sinagoges was bekend en gerieflik vir Sha'ul. Dit was nie ongewoon vir Sha'ul om dit te gebruik as 'n basis van operasies wanneer hy 'n nuwe missie gebied binne gegaanhet nie.

## Die Joodsheid in die Vroeë Gemeente

In teenstelling met wat sommige mense glo, was die eerste vyftien biskoppe van die oorspronklike kerk in Jerusalem Joodse. In sy boek, Ecclesiastical History, vertel Eusebius ons dat:

[39] Romeine 3:1-2

*"the church at Jerusalem, at first formed of the circumcision, came later to be formed of Gentile Christians, and the whole church under them, consisted of faithful Hebrews who continued from the time of the apostles, until the siege of Jerusalem."*[40]

In sy tweede-eeuse historiese werk, beskryf Hegesippus die wedywering tussen 'n man met die naam Thebouthis en ander wat die posisie van die biskop soek na die dood van Jakov (James, Y'shua se broer) - wat bekend was as die eerste pastoor/leraar van Jerusalem.[41] Volgens Hegesippus, het die Hebreeuwse gelowiges uiteindelik vir Simeon (wat 'n neef van Y'shua was) gekies om Jakov op te volg.

Epiphanius noem die oorblywende dertien Joodse pastore van die Jerusalem Kerk as Justus, Zacheus, Tobias, Benjamin, John, Mathias, Philip, Seneca, Justus, Levi, Ephrem, Joseph, en Judas – wat die historiese rekord al die pad voltooi tot by die Bar Kochba opstand in 132-135 CE, (AD).[42] Hierdie Joodse familie van Y'shua, wat die vroeë Kerk gelei het, was genoem Desposynoi, wat "erfgename" beteken, en was dikwels vervolg omrede hulle Dawidiese afkoms en hulle familiebande met die Messias.

Tydens die bewind van Hadrianus in 117-138 CE, (AD), is die Joodse nasie verbrysel in wat as die Tweede Joodse Oorlog bestempel was. Jerusalem was herdoop as Aelia Capitolina deur die Romeine, en die Jode was verbied om die stad binne te gaan vir 'n honderd jaar. Terwyl hierdie dramatiese gebeure ontvou het, het baie van die Hebreewse gelowiges (genoem die Netsarim) gevlug na die berge van Pella (geleë in die huidige Jordanië) in gehoorsaamheid aan Y'shua se opdrag in Matt 24:16 - "om te vlug na die berge." Dit het vir die eerste keer net nie-Joodse gelowiges in beheer van die Kerk gelos, en hulle het vinnig 'n man met die naam Mark as Jerusalem se eerste nie-Joodse pastoor aangestel.[43]

Volgens Baring Gould se geskiedenis, het die gemeenskap van gelowiges in ballingskap wat gelei was deur Jacov en Simeon, steeds styf vasklou aan die ou gebruike terwyl hulle geskuil by Pella.[44] Die nie-Joodse gelowiges in Jerusalem het ongelukkig wegbeweeg van die Joodse "maniere" en stadig heidendom in die Kerk geabsorbeer.

---

[40] Isaac Boyle, trans, Eusebius' Ecclesiastical History, H.E. 5, (Grand Rapids: Baker Book House, 1974), pp. 4-6
[41] Ibid., H.E.3,32,6
[42] Ibid., H.E.IV.5
[43] Eus. H.E.III 5,3; Epiph. Paw. 29:7, 7; 30:2, 7, Ibid. H.E. 4, 6
[44] Baring Gould, "Schonfield's History", Lost and Hostile History, (London: Duckworth Publications, 1936), p. 35

**Die Sinagoge en die "Kerk"**

Omdat die Hebreeuwse gelowiges van Y'shua nie heeltemal van Jerusalem verwyder was tot diep in die tweede eeu nie, het die Kerk vir sy eerste honderd jaar baie duidelik 'n deel van die eerste-eeuse Judaïsme gebly, en sy leiers het betrokke in baie Joodse sake gebly.

Daar was geen onmiddellike verdeling van die sinagoge nie, **soos bewys deur Y'shua se waarskuwing** dat sommige sinagoges Sy volgelinge sou straf vir die prediking van 'n ander rigting van Judaïsme[45] (wat Messiaanse Judaïsme is, 'n geloof stelsel wat nie net Y'shua as die Messias aanvaar nie, maar ook die nuwe en ou verbond letterlik opneem).

Ons weet dat hierdie geseling deur sinagoge leiers nie 'n ongewone deel van normatiewe Judaïsme was nie, aangesien dit 'n paar keer in die vroeë rabbynse literatuur (Rabbi Isidore Epstein, EA, Soncino Talmud, Sanh 9:6; Yev 90 (London: Soncino Press, 1948)) genoem word.

Die struktuur van die plaaslike sinagoges was gekopieer en direk oorgedra in die struktuur van die vroeë kerk en hulle het identies gelyk. 'n President, diakens, 'n leermeester (lied leier), en onderwysers kan gevind word in beide die sinagoge en die vroeë Kerk. Ons weet van vroeë bronne dat daar tussen 394 en 480 sinagoges in Jerusalem gedurende die eerste eeu was - een was geleë binne die gebied van die tempel self.[46]

Dit is ongetwyfeld waarom die vroeë patroon van die Kerk sy oorsprong in die Joodse sinagoge gehad het. Let op die volgende ooreenkomste tussen die ou sinagoge en die vroeë Kerk.

Die hoof leier van 'n sinagoge was die nasi of president. In die Nasarener gemeente was die leiers steeds president genoem eerder as "pastoor" (so laat as 150 nC) deur nie-Joodse skrywers soos Justin Martyr.[47]

In die sinagoge struktuur, sal drie van hierdie leiers saam 'n tribunaal vorm vir die beoordeling van gevalle oor geld, diefstal, onsedelikheid, toelating van proseliete, handoplegging, en talle ander gevalle wat in die Sanhedrin gedeelte van die Misnah genoem word. Hierdie manne was bekend as die

[45] Mattheus 10:17
[46] Jerusalem Talmud, Meg. 3:1; Ket. 105a; Sot. 7:7,8; Yoma 7:1 (London: Soncino Press, 1948)
[47] Alexander Roberts, ea., Anti-Nicene Fathers, Vol. I (Grand Rapids: Eerdmans Publishing Company), p. 186

"owerstes van die sinagoge", want hulle het die hoof sorg van die dinge op hulle geneem - 'n titel wat verskeie kere in die leer van Y'shua genoem was:

> *"En daar kom een van die **owerstes van die sinagoge** met die naam van Jaïrus; en toe hy Hom sien, val hy aan sy voete neer*."[48]

Hierdie praktyk was steeds in gebruik in die gemeentes in Korinte onder die apostelskap van Sha'ul, waar hy praat van die hof in die gemeente

> "*Durf iemand van julle wat 'n saak teen 'n ander het, **gaan reg soek voor die onregverdiges** en nie voor die heiliges nie? Weet julle nie dat die heiliges die wêreld sal oordeel nie? En as die wêreld deur julle geoordeel word, **is julle dan onbevoeg vir die geringste regsake?***"[49]

Die nasi was die bestuurder van die sinagoge, en ons weet dat Jacov, die half-broer van Y'shua, **was die nasi** van die vroeë kerk in Jerusalem.

Vroeë dokumente soos die Didache vermeld ook dat die kerke in Klein-Asië en Griekeland die Kerk in Jerusalem met baie dieselfde gesag behandel het as die sinagoges die Sanhedrin behandel het.[50]

Daar was ook 'n openbare leraar van die sinagoge, wat genoem was 'n chazen, wat gebid het, gepreek het agter 'n hout preekstoel, en gesorg het vir die algemene toesig van die lees van die Torah (ja, Wet) en ander gemeentelike pligte. Hy het nie die Torah self gelees nie, maar het by die een wat dit gedoen het gestaan (om te korrigeer en toesig te hou), **om te verseker dat dit behoorlik gedoen was**.

Hy het elke week sewe lesers gekies wat goed opgelei was in die Hebreeuse Skrifte. Die groep het bestaan uit 'n priester, 'n Leviet en vyf gewoone Israeliete:

> *"Toe kom Hy in Násaret waar Hy opgevoed was; en soos Hy gewoond was, gaan Hy op die sabbatdag in die sinagoge en staan op om te lees.*"[51]

---

[48] Markus 5:22
[49] 1 Corinthiers 6:1-2
[50] Roswell Hitchcock, ea., Didache 8, (Willits, CA: Eastern Orthodox Publishers, 1989), chapters 11-15) (Isaac Boyle, trans., Eusebius' Ecclesiastical History 3.25.4 (Grand Rapids: Baker Book House, 1974)
[51] Lukas 4:16

Die terme *opsigter van die gemeente*, *engel van die gemeente*, en die *bedienaar van die sinagoge* almal verwys na hierdie posisie.[52]

Daar was ook drie mans bekend as almoners of parnasin wat omgesien het na die armes en aalmoese versprei het, en van hulle was verwag om geleerdes van die Skrif te wees. Aangesien hulle is ook bekend was as gabbay tzedikah, kan dit wees dat ons die moderne term "ouderling"van hierdie funksie kry. Sommige geleerdes beweer dat dit uit hierdie sewe: die president, die hoof, die opsigter, die chazen, en die drie Parnas is dat die idee van die kies van "sewe manne uit julle, van goeie getuienis, vol van die Heilige Gees en wysheid" in Handelinge 6:3 gaan.

Hierdie manne is aangestel oor die besigheid sake van die kerk sodat die Apostels se aandag nie afgelei sou word van hul studie van die Skrif en van gebed nie.

In Joodse literatuur, word die vraag gevra: "Wie is 'n geleerde wat waardig is om as Parnas aangestel te word?" Die antwoord is: "Hy wat gevra kan word oor 'n wet uit enige bron, en in staat is om 'n antwoord te gee."[53] In die moderne tye, gebruik die Jode hierdie term om te verwys na 'n ongeordende persoon, wat ook 'n ouderling genoem word.

Nog 'n funksie in die ou sinagoge was die van die shaliach, of aankondiger. Van hierdie posisie kry ons die term Apostel, wat die een wat uitgestuur is om die Evangelie aan te kondig, beteken - 'n rol wat soortgelyk is aan dié van ons moderne sendelinge.

Daar was ook die Maggid, 'n migrasie evangelis van die eerste eeu wat gepraat het met verskeie gemeentes, en die batlanim, 'n hoogsgeleerde onderwyser wat of onafhanklik ryk of op 'n soort van finansiele ondersteuning was, sodat hy beskikbaar was om die gemeente te voorsien met akkurate kennis en antwoorde.

Daar moes minstens tien batlanim wees in elke gemeente van honderd en twintig lede. Daar was selfs 'n tradisie dat 'n diens in die sinagoge nie kon begin sonder dat **tien manne teenwoordig** was nie.[54] Y'shua mag moontlik verwys het na die tradisie toe Hy gesê het: **"***Want waar twee of drie in my Naam vergader, daar is Ek in hul midde.***"**[55]

---

[52] John Lightfoot, "Commentary on the New Testament from the Talmud and Hebraica", Hebraica, Vol. 11., Rev. 3:1, 7, 14 (Peabody, MA: Hendrickson Publications, 1979), pp.89-99
[53] Rabbi Isidore Epstein, ea., Soncino Talmud, Shab. 114a (London: Soncino Press, 1948)
[54] Lightfoot, op. cit., p.89
[55] Mattheus 18:20

Volgende, was daar die zakin, 'n woord wat beteken "oud" - Meer in die sin van volwassenheid as ouderdom. Hierdie persoon het raad verskaf aan die mense, en was soortgelyk aan 'n moderne-dag-pastoor of ouderling. In Judaïsme, persone wat die ouderdom van veertig bereik het, was geag as mense met begrip, en diegene ouer as vyftig is waardig geag om raad te gee die jonger mense.[56]

Die rabbi was 'n profeet volgens die wyse van die na-eksiliese profete van Judaïsme. Hy het die verantwoordelikheid van die lees en die verkondiging van die Woord gehad asook om die mense aan te moedig en op te bou:

> *"Maar hy wat **profeteer,** spreek tot die mense woorde van **stigting** en **troos** en **bemoediging**."*[57]

Daar was ook 'n tolk, bekend as die meturganim. Dit was 'n persoon wat vaardig was in tale wat die een wat die Torah lees of onderrig in 'n Bet Midrash ('n huis van studie langs die sinagoge) bygestaan het om in die omgangstaal van die dag die Hebreeuse wat gepraat is te interpreteer. Die gebruik van 'n tolk gaan terug na die tyd van Esra, toer die tolk die betekenis bygevoeg het. Die Talmud gee baie besonderhede van die tolk se pligte in die sinagoge.[58]

Dit is uit hierdie konsep dat ons Y'shua se woorde verstaan, in Matt 10:27: "*...en wat julle in die oor hoor, verkondig dit op die dakke.*" Hierdie frase was maklik verstaan deur diegene wat vertroud was met die stelsel van studie in die Bet Midrash waar die onderwyser letterlik die boodskap in die tolk se oor gespreek het – wie dit dan uitgeskree het na ander, beide binne die klaskamer en buite.

### Opsomming van die Joodsheid van Y'shua

Y'shua het grootgeword in 'n Joodse huis. Beide sy stiefpa, Yoseif en sy moeder Miriam was Joodse deur geboorte. Dit is duidelik uit die genealogiese lyste vir Yoseif (gevind in Matt 1:1-17) en Miriam (gevind in Lukas 3:23-38). Daarbenewens praat die Skrif duidelik oor van watter stam Y'shua was:

---

[56] Philip Blackman, ea., Mishnah, I Pet. 5:5; I Tim. 5:1; Avot 5:21 (New York: Judaica Press, 1983)
[57] 1 Corinthiërs 14:3
[58] Rabbi Isidore Epstein, ea., Soncino Talmud, Meg. 4; Maimon. Tephillah, 12; Massecheth Soph. 10 (London: Soncino Press, 1948)

*"Want dit is volkome duidelik dat onse Here* ***uit Juda voortgespruit het****, en met betrekking tot hierdie stam het Moses niks gesê van die priesterskap nie.*"[59]

Sy geboorteplek was geprofeteer te wees in Bethlehem, wat in die gebied is wat aan Juda toegeken is:

*"En jy, Betlehem Éfrata, klein om te wees onder die geslagte van Juda, uit jou sal daar vir My uitgaan een wat 'n Heerser in Israel sal wees; en sy uitgange is uit die voortyd, uit die dae van die ewigheid."*[60]

As die beloofde Messias, was Y'shua 'n direkte afstammeling van Koning Dawid:

*"Maar daar sal 'n takkie uitspruit uit die stomp van Isai, en 'n loot uit sy wortels sal vrugte dra; en op Hom sal die Gees van YHWH rus, die Gees van wysheid en verstand, die Gees van raad en sterkte, die Gees van kennis en van die vrees van YHWH."*[61]

Bestudering van die genealogiese lyste in Mattheus en Lukas toon dat beide Yoseif en Miriam afstammelinge is van koning Dawid en sy pa Isai. Asook dat die term "Tak" erken word deur die Joodse en Christelike geleerdes as 'n verwysing na die Messias te wees.

Dit is dieselfde Y'shua van Yehudah (Juda) wat bevoeg is om die hemelse boek oop te maak en sy sewe seëls te breek:

*"Toe sê een van die ouderlinge vir my: Moenie ween nie; kyk, die Leeu wat uit die stam van Juda is, die wortel van Dawid, het oorwin om die boek oop te maak en sy sewe seëls te breek."*[62]

So sien ons dat beide die Hebreeuse en die Griekse Geskrifte is dit eens dat die Messias 'n Jood is uit die stam van Juda.

## Gevolgtrekking

Die skeptici wat probeer het om Y'shua te diskrediteer het dikwels beweer dat Y'shua nie geglo het dat Hy die Messias was, of aanspraak gemaak het daarop om die Messias te wees nie: maar niemand het Y'shua ooit daarvan

[59] Hebreeuws 7:14
[60] Maleagi 5:2
[61] Miga 5:2
[62] Openbaring 5:5

beskuldig dat Hy nie 'n Jood was nie. En dit is geen wonder nie. In die lig van die getuienis, as Y'shua nie 'n Jood was nie – wie is, of wie was? Watse nasionaliteit was Hy dan?

------------------------------------

*Iets verbasend is nou besig om voor ons oë te gebeur! Dit kan alleenlik gesien word as 'n soewereine werk van die Ruach Hakodesh soos dit deurbreek in Christene regoor die wêreld en besig is om die* ***historiese Hebreeus fondamente*** *van die Christelike geloof te* ***herstel****. Nadat dit* ***bevlek*** *is vir meer as agtien eeue deur Judaeophobia, anti-Judaïsme, en anti-Semitisme, word menigte Christene nou beïnvloed deur 'n ongekende rewolusie van herstel. Geleerdes, geestelikes en leke van bykans elke nasionaliteit, etniese groep, en denominasie is besig om hulle geloof in Messias Y'shua met sy historiese Hebreeuse wortels in die* ***Torah*** *te herbevestig.* **HalleluYAH**

**Ons lig in – U kies**[63]

Moet nooit skuldig wees aan: ***"Deur jou tradisies maak jy die Woord van God oneffektief"***[64]

***Koue water op 'n vermoeide siel, so is 'n goeie tyding uit 'n ver land.*** ***Spr. 25:25***
**Dankie dat ons vir u kan bedien vanaf die Suidelike punt van Afrika – bevolking-verhouding gewys die grootste groep Messiaanse Judaïsme volgelinge in die wêreld.**

Kontak ons vir formele ***Afstand Onderrig*** in jou ***Eie Tyd*** vanaf die gemak van u ***Eie Huis****.* U doen dit deur u ***Werkstukke Elektronies*** in te stuur na ons. U beluit op enige van die onderstaande studierigtings:
**Hebreeuse Wortels** (Y'shua gesentreerde Messias Studies),

---

[63] The truth of the Torah makes you see the mistranslations in the New Covenant. It's amazing how you can look at the epistles of Rabbi Paul one way and it looks like he's leading the body of Messiah away from Torah; when in reality, he's leading them **to** Torah. A paradox of vantage point. Let us remember, the intent of the law maker constitutes the law. We need to walk a mile or two in our Hebrew Messiah's shoes

[64] **Matt 15:3** *But he answered and said unto them, Why do ye also transgress the commandment of God by your tradition?* **Matt 15:6** *And honour not his father or his mother, he shall be free. Thus have ye made the commandment of God of none effect by your tradition.* **Mark 7:9** *And he said unto them, Full well ye reject the commandment of God, that ye may keep your own tradition*

**Messiaanse Judaïsme** (Y'shua gesentreerde Tipologie Studies),
**Midrashic Eskatologie** (Joodse benadering tot Eind-Tyd Gebeure),
**Torah-Gebaseerde Genesing** (Liggaam, Gees and Siel Berading and Genesing)
asook verskeie **ander rigtings** van **Sertifikaat tot en met Doktors Graad**,
besoek ons Webwerf vir meer inligting.

Om uit te vind oor ons ander produkte, kontak ons asseblief
by **http://www.hrti.co.za** en klik op **ONLINE SHOP**

Besoek ons ook daagliks op ons Facebook-bladsy vir goeie lering:
**Hebraic Roots Teaching Institute**

Die 'smal weg' is die pad van Tora,
wat die doel is van die Gelowige ...
om jou voortdurend na die Kruis te lei.

*As jy uitnemendheid in groot dinge gaan bereik,*
*ontwikkel eers die gewoonte in klein sake van Torah.*

***Uitnemendheid is nie 'n uitsondering nie,***
***dit is 'n aanhouer-wen uitkyk.***

ASSEBLIEF ASSEBLIEF ASSEBLIEF

WEES SO GAAF EN VERSPREI 'n PAAR VAN HIERDIE BOEKE AS DEEL VAN U TIENDE